



BIBLIOTEEK



P.U. vir C.H.O.



STUDENTEBLAD

van die


P.U. vir C.H.O.

Deel VIII.

7 Augustus, 1953

No. 16.

IN MEMORIAM



Wyle

PROF. DR. J. D. DU TOIT (TOTIUS).

Totius het onslaap in die HERE.
Ons berus in die Wil van God.

Die HERE sy geloof vir so 'n groot man wat die Afrikaner volk soos 'n profeet in donker ure gelei het. Maar meer nog bring ons ons dankbaarheid aan ons Hemelse Vader vir die werk wat ons ontslape Professor vir sy Kerk kon doen. Wyle Totius se werk sal soos 'n kolossale monument tot in die jongste tye bly toring; die psalmberymings, sy aandeel in die Bybelvertaling, sy digbundels, sy hydrae tot die erkenning van ons Afrikaanse taal.

Met Prof. J. D. du Toit se afvraagstukke verstriek raak omdat sterwe het, die Gereformeerde die verwarrende beeld wat ons Kerk 'n teoloog van onmeetbare sy uitgangspunt verkeerd is, is dat formaat verloor. Laat ons in sy spore volg. Dit sal wys wees.

Met Prof. J. D. du Toit se heengaan het die P.U. vir C.H.O. een van sy grondleggers verloor, en sy hooggeagte kanselier is . . . daar nie meer nie.

DIE KERKBLAD: As die Gereformeerde Kerk ooit die woorde van die profeet Elisa: „My vader, my vader, wa van Israel en sy perderuiters” moet uitroep, dan is dit nou dat die Here ons volksvader en kerkvors van ons wegneem het. Laat ons egter nie soos Elisa in die stof neersak nie, maar die „mantel” optel en teruggaan na ons lewenstaak.

PROF. DR. D. F. MALHERBE: Die boodskap van Totius se lewe en sy werk aan 'n geslag wat steeds verder afwyk van die ou paaie en wat in steeds groter

Natal Universiteit in noute met nie Blankes

KLAG: VERTRAAG AKADEMIESE PAS.

In sy poging om hoër onderwys in 'n veelrassige gemeenskap moontlik te maak vind die Universiteit van Natal hom in 'n unieke posisie onder die Universiteite van Suid-Afrika. Dit verhoed die posisie van verwydering van die Nie-Blankes na 'n totaal aparte en onafhanklike nie-Blanke Universiteit wat moontlik tot gevolg sal hê 'n onvermydelike stigma van minderwaardigheid betreffende die akademiese standaard van die grade wat verwerf sal word. En aan die ander kant is die huidige rasse en sosiale patroon van Natal sodanig dat die Universiteit dit nie kan bekostig om blankes en naturelle in dieselfde klasse te „mix” nie soos wel die geval tans is aan die Universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad nie, so skryf 'n offisiële publikasie deur die Universiteitsowerheid.

Op die oomblik oorheers die nie-Blankes die Blankes wat getalle betref in Natal met 10 teen 1. Hierdie situasie sal tot gevolg hê dat die Universiteit binne afsienbare tyd meer nie Blanke studente gaan hê as Blankes. Trouens, dit is alreeds die geval in sommige van die eerstejaarskursusse.

Hierdie posisie van Natal U. verskil heeltemaal van die ander genoemde gemengde Universiteite wat wel nie-Blankes in die klasse toelaat, maar ddeie blanke getalle oorheers by verre die van die nie-Blankes. Daarby is hulle so min dat hulle nie juis die tempo en

standaard van die werk terughou nie.

'n Ander motief vir N.U. se houding is 'n suiwer opvoedkundige een. Hoewel die nie-Blankes die vereiste matrikulasiesertifikaat moet besit om as studente in te skryf, bly een feit soos 'n paal bo water staan dat die nie-Blanke se agtergrond en algemene standaard rakende sy vermoë om probleme te snap heelwat laer staan as die van die Blankes wanneer lg. by die Universiteit inskryf. Die meeste van die nie-Blankes studeer twee jaar aan 'n gewone een jaar B.A. of B.Sc. kursus.

In vakke soos Engels 1, Geskiedenis 1 en Staatsleer 1 oorheers die nie-Blankegetalle. Plaas mens in hierdie onderhawige vakke die Blankes en nie-Blankes bymekaar in een klas sal die tempo onvermydelik vertraag word. Die slimmer Bolanke studente sal hierdeur verveel word en die Universiteit verlaat, aldus die genoemde artikel.

Die standaard sal onvermydelik daal.

Aparte klasse vir die nie-Blankes waar spesiale metodes

toegepas word blyk 'n sukses te wees terwyl die pas in blanke studente se klasse nie vertraag word nie.

Interne segregasie hou egter nie in dat die nie-Blanke minderwaardig staan teenoor die Blanke wat aangebore intelligensie betref nie. Ons weet op die oomblik te min van hierdie kwessie om so 'n generalisasie te maak. Ons gee hier slegs aandag aan faktore rakende opleiding en agtergrond, en hier staan die nie-Blanke beslis agter by die Blanke student. Dit is 'n feit wat ons onder die oë moet sien, wat tans bestaan en wat ons nie blindelings kan ignoreer nie.

Om Blankes en nie-Blankes saam te gooi, veral as die nie-Blankes die getalle domineer, sou direk teen die Mores van die Blankes ingaan en die Universiteit op die lange duur sy ondersteuning verloor wat dit tans geniet by die Blankes.

Die hele aangeleentheid moet realisties en met goeie geloof benader word. Dit moet rken word dat Natal Univrsiteit met 'n ontwikkelingsproses te doen het.

Die artikel sluit af met: „The University of Natal is there to serve both Non-Europeans and Europeans in the Best way it knows, taking into account the complexity of the present social and racial situation”.

REGTE IN 1954

Die Raad het besluit om in beginsel goed te keur dat 'n Regsfakulteit aan die P.U. vir C.H.O. gestig word. Die nodige stappe in hier voege is alreeds begin neem om die fakulteit so gou as moontlik alhier te kan stig. Die hoop is uitgespreek dat indien dit moontlik is, die fakulteit reeds vanaf die begin van 1954 in swang sal wees.

Die Departement Wiskunde gaan vanaf 1954 'n tweejarige kursus in Statistiek aanbied. Statistiek kan as tweejarige hoofvak geneem word mits dit vir die B.Sc.-graad bedoel is.

Daar is besluit om tot die oprigting van 'n Wis- en Natuurkundelaboratorium oor te gaan. Die gebou sal ongeveer £80,000 kos. Na verwagting sal die bouwerk heelwaarskynlik alreeds gedurende hierdie maand begin word. Dit sal seker ook minstens 'n jaar neem om die gebou te voltooi.

Volgens persberigte blyk dit dat die Minister van Finansies 'n ad-disionede subsidie vir al die universiteite vir die jaar April 1953 tot Maart 1954 van ongeveer £491,000 beskikbaar gestel het. Dit is nog nie bekend hoeveel van hierdie bedrag hierdie Universiteit sal ontvang nie.

Water met 'n sterkte van ongeveer 1,200 gallon per uur, is op die plaas van die P.U. naby Ventersdorp gevind.

gaan en betuig hiermee sy opregte en innige meegevoel met • Tant Marie, eggenote van Totius, met Prof. dr. S. du Toit sy seun en rektor van die Teologiese Skool en met al die kinders en familie.

Mag die balsem van Gilead die diep wonde op sy manier genees

S.R. VOORS., MNR. V. E. D'ASSONVILLE: Wie van ons kan by die sterwe van Totius die taal van ons hart spreek? Maar soos die besembos diep geplant in die aarde, leef sy nagedagtenis, en hulle sal lewe in die hart van ons volk!

Totius (Prof. dr. J. D. du Toit) het op 21 Februarie 1877 die eerste lewenslig te Paarl aanskou. Sy vader was Ds. S. J. du Toit, leier van die Eerste Taalbeweging. Sy eerste onderrig ontvang hy aan 'n Duitse Sendingskool te Rustenburg. Daarna s tudeer hy aan die Hugonote Gedenkskool op Daljosaaf en aan die Teologiese Skool op Burgersdorp. In 1899 lê hy sy proponentseksamen af en dien as veldprediker vir 8 maande by die kommando's. In 1903 behaal hy sy doktorsgraad aan die Vrye Universiteit van Amsterdam. Na sy terugkoms word hy predikant op Potchefstroom en vanaf 1911 professor aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk. Vanaf 1916 tot 1933 is hy besig met die vertaling van die Afrikaanse Bybel en voltooi hy ook die psalmberyming in 1936. Tydens sy dood was hy Kanselier van die P.U. vir C.H.O. Hy is in sy slaap oorlede op 1 Julie l.l.

O, as jou uur van skeie kom, wees dankbaar as jou lewenstuin maar net 'n enk'le blom vertoon, gekweek bo onkruid, as een pun net éne, uit gebrek en leed gered vir die . . . wat nooit sal weet.

PROF. DR. P. J. S. DE KLERK: Die boodskap van Totius se lewe is dit: Wie vir die Here wil werk moet met die Here lewe.

KOL. MEYER: Totius het blywende dinge agtergelaat. Hy was 'n gawe van God aan die volk van Suid-Afrika.

Prof. dr. J. CHRIS COETZEE: Al sou ek al die tale en al die woordeskatte van die aarde ken sou ek tog nog nie die dank aan die Here vir hom (Totius) kon bring nie.

Prof. VAN DER MERWE (P.O.K.): Totius se lewe was 'n gebed wat 'n beroep doen op die edelste in die mens.

Die Wapad treur oor sy heen-

Lees

„DIE VLOTJIE”

—„Wapad”-bylaag!

£250,000 AAN WITS.

Die goudprodusente se komitee van die Transvaalse Kamer van Mynwese het besluit om £250,000 aan die Universiteit van die Witwatersrand te skenk in antwoord op die Universiteitse oproep om fondse. Die donasie wat by verre die grootste is wat die Universiteit nog ontvang het bedra 'n kwart van die beoogde £1,000,000.

„Die goudmyn industrie het op hierdie wyse geantwoord op die oproep omdat die Universiteit in die hartjie van die grootste goudveld van die wêreld geleë is en dus noodwendig die ondersteuning van die industrie en die gemeenskap behoort te geniet”, aldus Mnr. K. Richardson, president van die Kamer van Mynwese.

Die Wapad.

7 AUGUSTUS, 1953

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

REDAKSIE.

Hoofredaktetur: D. F. Erasmus.

Sub-Redakteurs: D. v.d. Spuy (Sport); M. J. Strydom (Alg. Nuus); I. C. J. Minnaar (Varia); G. v.d. Berg (Kuns); Mej. L. Grobler (Algemeen).

Fotograaf: L. J. Potgieter.

Spotprenttekenaar: L. Haarhoff.

Teg. Adviseur: A. J. R. Vermeulen.

Administrasie: W. J. Sevenster (Voors.); J. Buys; R. Meyer; I. van Vuuren.

Besinning Of ?

Dit is opvallend dat al hoe meer van die bestaande dagblaai en tydskrifte in die jongste tyd wys op die gevaar dat die Afrikanervolk sy kultuurbewustheid reeds byna kwyt geraak het. Niemand nie, ook nie ons nie kan hierdie ontsettende waarheid weerlê nie. Meer en meer word dit 'n feit dat daar 'n grootskaalse insinking te bespeur is by ons wat kultuurdinge betref. Die aanklag dat ons dagblaai en tydskrifte hier die sondebokke is, is nie van alle waarheid ontbloot nie. Daar moet egter onthou word dat die eerste taak van die koerant is om nuus te plaas wat nuuswaardig is. Ons tydskrifte sondig meer in hierdie aangeleentheid met hulle rillers en moordverhale.. en.. swak gehalte van kortverhale. Weinig plek word aan kultuuraangeleenthede afgestaan.

„Die Wapad”—

Ons eie studenteblyd het al getrag om in sy beskeidenheid sake rakende die kultuur in sy kolomme weer te gee, maar ongelukkig moes die redaksie hieroor nie altyd gunstige kommentaar van sy leserskring ontvang nie. Plaas mens die wenke en kritiek wat „Die Wapad” van sy lesers ontvang onder die soeklig word een feit gou duidelik. Die aksent het beslis verskuif van kultuurdinge en kerklike aangeleenthede na die sportveld en varia-pittighede. Vroeër het elkeen geweet watter dominee waar is en of hy die jongste beroep aangeneem het of watter digter alweer 'n nuwe bundel die lig laat sien het en of 'n Sangiro of 'n v.d. Heever alweer met 'n nuwe boek verras het. Maar hierdie dinge het op die agtergrond geraak. Vra egter net waar die Wallabies môre speel en wie gisteraand die stoeiwedstryd gewen het of watter ffilmster sopas geskei het, dan sal mens al gou 'n korrekte antwoord kry.

Vervlakking Van Die Gees.

Vanwaar dan hierdie verskynsel? Ons het van dag te doen met 'n gees wat uit Amerika en Engeland oor ons volkslewe waai. Ons kan gerus maar 'n kykie neem in die Italianers se kultuurlewe. En wie sal uitgepraat kan raak oor hulle opera, sang en musiek? Maar die oppervlakkige kosmopolitisme wat hierheen oorgewaaie het, het reeds diep al ingewortel in ons volkslewe, . . . en helaas ook in ons eie studentelewe.

Moet Halt Roep!

Voordat hierdie kultuurluiheid en veroppervlakking hom heeltemaal meester van ons volk en studente gemaak het, en dit is 'n gevaarlike verdowingsmiddel wat so in die bloed inwortel dat hy mens as hy eers ingeslaan het nie los nie, eer dit gebeur sal ons moet halt roep en tot besinning kom. Dit is 'n kanker wat ons hele volkslewé en.. ook.. studentelewe se Calvinistiese inslag bedreig. Dit is 'n pro-

(Vervolg Volgende Kolom)

PUK-MATIE VOL VERLANGE NA OU ALMAMATER

Huis de Villiers,
Stellenbosch.

Geagte Redakteur,

Na ontvangs van die laaste twee uitgawes van „Die Wapad” voel ek nie net genoodsaak nie, maar wel deeglik lus om aan julle 'n paar woorde van hartlike gelukwensing te skryf. Die algemene standaard van „Die Wapad” het u verrassende verbetering ondergaan en met die laaste twee uitgawes amper 'n hoogtepunt bereik—want wat wil mens nou weer hê van 'n studenteblyd?

Ek kan julle verseker dat die klompie Pukkies hier in Matieland baie terug verlang na ons wonderlike verblyf aan ou P.U. Ons dink met heimwee terug aan alles wat aangenaam was asook die besondere eenheidsgees van die Pukke, die Sing-Songs, Theos en ander Puk-aktiwiteite!!!

Pukkies, besef julle ooit wat 'n wonderlike gesindheid en studentelewe op P.U. heers? Waardeer dit en geniet dit, want dit is iets unieks, waarna 'n mens baie verlang as dit verkry is.

Ek wil mnr. Jannie Potgieter alre lof toeswaai en komplementeer met sy optrede op Maties—ook baie geluk wens as voorsitter van die A.S.B. Dit is seker aan julle onbekend dat U.S. vir P.U. as die hakermat van die A.S.B. beskou en volgens my persoonlike mening is P.U. ook die sentrum waar dit sekerlik vandag wat studenteaktiwiteite betref die aktiefste rol speel en beste ondersteun word deur mede-Afrikanerstudente.

Alle sukses ook Pukke op die res van die jaar en veral met die bou van jul nuwe Studentesaal. „Kollekteer gerus maar by die „Pukkies-Maties” ook van ons pa's se sakgeld!!

Sterkte.

CELIA JORDAAN.

bleem wat die voortbestaan van die Afrikanerdom raak. En of ons dit nou wil weet of nie bly dit 'n waarheid dat die Afrikaner wat sonder enige geestelike skatte en kultuurbelange is 'n skande is vir alles dit wat ons van ons voorouers geërf het. Ons sal in ons spore moet omdraai en terug gaan na die ou beproefde paaie. En op ons as toekomstige leiers van ons volk en as die intelegentia van ons gemeenskap lê hierdie gewigtige taak om diegene wat afgedwaal het weer op die ou paaie terug te lei, maar dan moet ons eers die hand in eie boesem steek en huis skoonmaak.

ARCADIA
(oor Landbank)

HAARKAPPER-SALON

Kerkstraat 53,
POTCHEFSTROOM.Van der Hoff-gebou (regoor
Landbank).Dames- en Here-
Haarkapper.Vir u volgende permanente
golwing besoek ons.

Foon 1269

SKOONHEID EN NETHEID
GEWAARBORG.
STUDENTE WELKOM.DIE AFRONDING VAN U
INKOPIES
en„WINDOW-SHOPPING”
is 'n besoek aan

ANNELLAS KAFEE

oor 'n heerlike koppie

STOMENDE KOFFIE.

Probeer hierdie keer ons

VIS EN ARTAPPEL-
SKYFIES.

Eienaar:

D. M. VAN BILJON.

P. W. BUYS

U verteenwoordiger van

REMBRANDT.



VAN S.R. WEË

Op hierdie tydstip pas dit ons om 'n oomblik stil te staan om na te dink wat in die afgelope tyd met ons Inrigting gebeur het. In 'n kort tydjie het drie seders geval! 'n Raadslid van ons Universiteit, Ds. J. V. Coetzee; 'n Hoogleraar aan ons Teologiese Skool en Universiteit, Prof. Dr. B. J. de Klerk; die Kanselier van ons Universiteit, Prof. Dr. J. D. du Toit is in minder as 'n jaar se tyd van ons wegge-neem.

Langs hierdie weg wil die Studenteraad en studente van die P.U. vir C.H.O. dan ook ons innige en diepste meegevoel betuig met die dierbares van wyle Prof. Dr. J. D. du Toit. Woorde kan nie ons gedagtes vertolk nie. Vir ons is dit in die eie woorde van Totius weereens die beleving van die groot waarheid:

„As die winter kom
dan verdor die gewas;
so die menslike vlees
wat verdor soos die gras”.

Maar in ons harte is ons dankbaar, diep dankbaar teenoor die Here vir wat Hy aan ons deur Totius geskenk het. Ons erfenis is groot!

* * *

Soos gewoonlik is die tweede halfjaar vir ons almal die begin van die einde. Maar tog is daar nog soveel wat moet gedoen word voor dat ou Mooirivier se takke weer vol groen blare is. Die S.R. sal ook so graag nog veel meer wou doen as die arbeid wat verby is. Maar die tyd staan nie stil nie en ons lewens word nie deur ons self bestuur nie. sake wat ons aangepak het? Wat die S.R. konstitusie betref is ons eensgesind. Groter bewys as die

Algemene Studentevergadering van 22 Junie l.l. is nie nodig nie. Aan elke P.U.Kaner wil ons ons opregte dank en waardering betuig. U samewerking is lofwaardig!

En wat die Studentesaal betref vorder alles nou beter as ooit! Daardie groot saal (met galery en al) sal nou slegs die maksimum bedrag van £14,000 beloop. Die S.R. moet dus vir £7,000 instaan en mer groot letters kan ons betuig: Ons saak is gewen! Veel wil ons nie daaroons sê nie, maar uself sal die aanskouers van 'n grootse onderneming wees.

* * *

Aan almal wat hulle gedurende die Julievakansie opgeoffer het terwille van ons Inrigting wil ons 'n spesiale woord van dank rig. Ons dink aan Alabama Studente-orke en Thalia wat elk 'n wye toer onderneem het, asook die twee Hokkiespanne wat so goed presteer het op Pretoria. U almal se opofferings word hoog waardeer.

* * *

Aan al die Verenigings en Klubs wil ons baie sterkte toewens vir die laaste halfjaar. Laat daar tot aan die einde besieling en geesdrif wees! Daar is nog veel om te verrig en oor 'n maand begin 'n nuwe werkjaar.

(Get.) V. E. D'ASSONVILLE.
(Voors. S.R.)

S.A.N.L.A.M.

J. L. M. VENTER,

Spesiale Verteenwoordiger,
Noordbrugweg 3, Telefoon 1247,

Potchefstroom.

Bestel u MIELIEMEEL van
en

Verkoop u MIELIES aan:

RENDEZVOUS
ROLLER MEULE
VILJOENSKROON.

Posbus 21. Foon 100,



MNR. JOHAN BUYS,
Hoofred., Pukkie.



S. VAN SCHOUWENBURG
B.Sc., Vlothoof.



MNR. S. P. LOMBARD,
Fak. hoof, B.Comm.



MNR. JACKIE STRYDOM,
Skr. van die Vreugdedag se
hoofbestuur.

POTCHEFSTROOM ROETE:

Af in Presidentstraat, links af in Rissikstraat, links wegdraai in Tomstraat in, weer regs in Venterstraat, daarna regs in in Molenstraat, dan links op in Rissikstraat, en dan regs af in Kerkstraat, dan staan-staan op in Kerkstraat, tot agter die stadsaal war die vlotte agtergelaat sal word en persone op die vlotte 'n kans gegee sal word om te kollekteer. Vlotte word gevra om nie onnodig tyd te verspil nie en om te probeer of 10.30 deur die hoofstraat te ry.

Die vlotte sal tot om 12 uur by die stadsaal gelaat word waarna die roete weer terug op in Kerkstraat gevolg word om dan links op te draai in Retiefstraat en weer links in Bergstraat, regs op in Wolmaransstraat, linkks af in Kokstraat, weer links af in Bothastraat en weer links af in Krugerstraat, weer linkks af in Retiefstraat en regs op in Auretstraat, oor die bruggie op in Presidentstraat, links op in von Wiellighstraat, regs af in Reitzstraat, weer regs af in Borchersstraat, links af in Dwarsstraat, regsdraai in Meyerstraat en links by die P.U.-hek in.

Potchefstroomvlotte vertrek om 9 v.m.
Vlotte na Viljoenskroon vertrek om 8.30 v.m.
Vlotte na Viljoenskroon vertrek om 8 v.m.

B.Sc. Hetta Wessels, C. Swanevelder.
B.Comm. K. Fourie. Musiekvlot. Hofvlot.

'n Groot denker het eenmaal gesê: „Mens moet elke dag ideale hê”. Wel, „Vreugdedag” is 'n groot dag en ons weet vir elkeen is dit 'n dag van groot ideale.

Pukke, dink aan die ideaal van hierdie dag. Dink aan 'n pragtige ruim Studentesaal, nie alleen vir ons nie, maar ook vir die geslagte wat kom. Dink aan u Alma Mater waar die polslag van die jeug warm klop. En as u gedink het, dan sal u DOEN. En as u doen, sal dit nie alleen meer 'n ideaal waas wat verwesentlik word nie, maar 'n liefdediens aan ons Inrigting wat ons so na aan die hart lê, sal vervul wees!

Sterkte, veel sukses en geniet die dag!

(Get.) V. E. D'ASSONVILLE
(Voors. S.R.)

J. HEIDEMA

vir

FIETSE

EN

MOTORFIETSE

J. HEIDEMA

Kerkstraat 30,

(teenoor Geref. Kerk)

POTCHEFSTROOM.

Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner

J. P. V.D. WALT

L.F.V.

KERKSTRAAT 111
(Langs Ackermans)

Foon 929,

POTCHEFSTROOM.

Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.

INGRAM SE
BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNsoORTE

en

SPIRITUALIEË

Sorg dat u u
Kollektebussie
môrevroeg 8.30
VOOR
hoofgebou kry



'n Groepie gekostumeerdes wat verlede jaar aan die joligheid deelgeneem het. Herkenbares op die foto is sekerlik Fransie Lessing, Corrie v.d. Berg, Ingrid Henkert en Babie Snyman. Dit is al oor en oor bewys dat hierdie tradisie van vermomery groot byval vind by die publiek.

ELKE DAG VARS!

TURKSTRA SE
BAKKERY

BROOD en alle KOEKsoORTE

Raadpleeg ons vir

BRUIDSKOEKE

PRO REGE-PERS

BOEKHANDEL

en

ANTIkwARIAAT

vir al u

WETENSKAPLIKE BOEKE
EN SKRYFBEHOEFTEs.

Telefoon 1164,

KERKSTRAAT 59.

„Rembrandt
is easy on my
throat”




TITO GOBBI
Beroemde Italiaanse
Bariton


BESTUDEER HIERDIE FILTERKAART



Rembrandt se Golden Throat-filter met lagies watte tussen kreukelpapier. Breek die filter oop en kyk self.



Sonder die watte tussen die lagies kreukelpapier, sou die rook reguit deur die papierlae getrek word, sodat strale warm rook die tong tref.



Die Golden Throat-filter wat eksklusief deur Rembrandt gebruik word, gee koel, verspreide rook—geen teken van tongbrand nie!

Net Rembrandt het die „Golden Throat”-filter

STANDAARD GROOTTE 1/5 VIR 20, 3/6 VIR 50. VAN RYN-GROOTTE 1/9 VIR 20

Kopiereg.


RFA.6M

DIE VLOTJIE

Amptelike Bylaag Van Die Wapad

£14,000
SAAL

VREUGDEDAG BELOOF OM "HIT" TE WEES
REUSE POGING OM FONDSE VIR SAAL



Hiervoor kollekteer, elke Puk Saterdag so al wat hy werd is. Bo alle twyfel 'n pragstuk. 'n Gebou wat vir geen ander studente-saal in die land agteruit hoef te staan nie. Verskeie pogings is alreeds aangewend om die nodige pitte in die hande te kry om hierdie ideaal verwesenlik te laat word, en Saterdag se poging moet eenvoudig die knoop deurhaak. Anders sal dit broekskeur gaan om verdere gelde in die hande te kry. Op elke P.U.Kaner rus dus 'n gewigtige taak om alles in die stryd te werp om die Vreugdedag 'n skitterende sukses te maak! Die koste om die studentesaal gebou te kry sal £14,000 kos. Trek vinger uit, Pukke, en kyk wat elkeen kan doen. Die grootste parasiet Saterdag is die grootste held van die dag. Die S.R. kan dit gerus oorweeg om die saal na die parasiet te vernoem.

STATISTIEKE

B.Comm	5 vlotte.
B.Sc.	5 vlotte.
B.A.	6 vlotte.
Th. B.	2 hofvlotte.
Alabama	2 vlotte.
Na Viljoenskroon	7 vlotte.
Vir Potchefstroom	13 vlotte.

FAK. HOOFDE.

B.A.	Tony Lombard.
B.Sc.	Piet van Wyk.
B.Comm.	S. P. Lombard.

VLOTHOOFDE.

B.A.:	H. Coetsee.
	P. G. v.d. Walt.
	Spottie Minnaar.
	Gert v.d. Bergh.
	Aby Pelzer.
	Tj. v.d. Walt.
B.Sc.:	C. Swanevelder.
	B. Olivier.
	S. Bezuidenhout.
	S. v. Schouwenburg (Mej.)
	B. Kess (Mej.)

B.Comm.	M. Botha.
	F. Kokot.
	J. v. Niekerk.
	K. Fourie (Mej.)
	T. v.d. Merwe (Mej.)

Hofvlotte.	J. H. v.d. Walt.
	Koos Venter.

"BIG CHIEF"

Ons hou Pukke, op 8 Augustus vanjaar weer ons gebruiklike jaarlikse, Vreugdedag. En tog geagte Pukke verskil die Vreugdedag van vanjaar geweldig baie van die Vreugdedag van vorige jare; en wel om 'n rede wat teen hierdie tyd al vir elkeen van u baie duidelik is. Vanjaar Pukke word die fondse, deur Vreugdedag ingesamel, nie aan een of ander organisasie afgestaan nie, maar dit gaan ter stuiwing van die fondse van u en my langverwagte ediaal nl. die Studentesaal.



MNR. WYNAND v.d. LINDE,
Vreugdedagleier.

Dit is geagte PU-kaner vir u en my 'n saak wat ons na aan die hart lê, want wie van ons sien nie al vir baie jare uit na 'n eie lokaal waar ons gesellig en gerieflik kan verkeer nie, ja ek dink dit is 'n behoefte in die hart van elke ware PU-kaner; nou en vir baie jare lank. Wie van u en ek het nog nie die ongerief van ons huidige Studentesaal terdê besef nie? Wie van u en ek geagte PU-kaner het nog nie besef hoe ons afsteek by ander universiteite op die gebied van 'n studentesaal nie? Wie van u en ek geagt PU-kaner het nog nie aan 'n moontlikheid om op een of ander manier geld aan die hande te kry om 'n nuwe studentesaal te bou, gedink nie? Nee ek is oortuig daarvan dat elke student wat werd is 'n ware PU-kaner genoem te word alles in sy vermoë sal doen om sy deel, al is dit ook hoe gering by te dra tot die verwesenliking van ons langverwagte ideaal.

Dit sal geagte PU-kaner nie baie lank na 8 Augustus wees nie, dan word die fondamente van ons nuwe Studentesaal gelê, daarom PU-kaners is dit dus nou die kans vir u en my om te wys wat ons in daad kan verrig om vir ons 'n saal te bou. Op 8 Augustus kry u dus nou kans om harde kontant te stort in die boufunds van die nuwe studentesaal.

Nou besef ek dat dit vir my onnodig is om u onder omstandighede te vra om elkeen Saterdag 8 Augustus 'n bussie te neem en die publiek by te dam soos nog nooit tevore nie, maar nogtans wil ek u aanmoedig om al u kragte op hierdie dag in te gooi en geen enkel persoon met rus te laat alvorens hy nie 'n muntstuk in u bussie gegooi het nie. Dan geagte PU-kaner moet u vir geen oomblik dink dat ek nie besef hoe 'n moeilike taak dit is om te kollekteer nie, maar u moet dit ook insien dat dit kollekteer is onder abnormale omstandighede en daarom Pukke moet u of u nou 'n eerste jaar of 'n sewende jaar-student is, u op hierdie dag self verloor in die kollekteerdery. Indien u dan van die verskriklike skaam en beskeie soort persoonlikhede is, trek vir uself 'n kostuum aan wat u gesig onherkenbaar verander. Ek sou ook graag wou sien en wil dit aanmoedig dat elkeen van u voorsien is met 'n „snaakse" kostuum.

Ten slotte dan geagte PU-kaners wil ek u namens die hoofbestuur baie sterkte toewens met die bou van die vlotte en die kollekteer van die munt, en ek wil u ook belowe dat ons van ons kant ons beste sal lwer, maar onthou sonder kollektante kan ons nie kollekteer nie en sonder geld kan ons nie 'n nuwe Studentesaal bou nie,—so ons hoop is op u gevestig.

Alle sukses,
„WINE" VAN DER LINDE (leier).

„Die Pukkie". 'n Treffer.

DIE FONDSE WAT SATERDAG MET DIE VREUGDEDAG INGESAMEL SAL WORD, SAL ALLES IN DIE BOUFONDS VIR DIE BEOOGDE STUDENTESAAL SE KAS GESTORT WORD. HOEWEL DIE DOEL VAN DIE INSAMELING DUS VERSKIL VAN DIE VAN ANDER JARE WIL DIT NOG NIE IMPLISEER DAT DIE VREUGDEDAG NIE MET NET SOVEEL YWER EN ENTOESIASM AANGEPAK MOET WORD NIE. 'N NUWE STUDENTESAAL HET TANS 'N ABSOLUTE NOODSAAKLIKHEID GEWORD.

Voorts word twee eerste pryse van £2 2s. uitgelooft vir die twee mooiste vlotte en twee tweede pryse van £1 1s. elk. Een eerste en een tweede prys sal lk gaan vir di vlott wat na Viljoenskroon en Potchefstroom gaan.

IDEES

'n Ander interessante afwyking wat die hoofbestuur goed gedink het is om geen besondere idee voor te skryf aan die vlotte om uit te beeld nie. Vlotbouers het dus 'n wye keuse van idees om uit te kies. Na wat ons verteenwoordiger sal onder vlothoofde verneem het belooft party om uit die hoogste rakke te wees. Maar die meeste hoofde is maar bra sku en uiters geheimsinnig wat hierdie saak betref. Blykbaar is hulle bang vir diefstal of plagiaat. Tog kon ons verslaggewer uit wat hy verneem het nie anders as om nou reeds al die wenner aan te wys nie. Maar die redaksie het hom die swye opgelê.

Nie minder as 20 vlotte gaan aan die vreugde kleur probeer te verleen nie. Onder andere sal daar twee hofvlotte en twee musiekvlotte wees na ons verneem. Een van elk sal na Viljoenskroon gaan, plus 2 B.Sc., 2 B.A. en een B.Comm. vlot. Die vlotkeurders vir Potchefstroom is Prof. Dekker en Dr. Hertzog Venter en Mnr. S. J. Rorich, 'n prokureur sal as keurder in Viljoenskroon optree.

DIE PUKKIE

Die onmisbare en altyd gewilde Pukkie, die Vreugdag se blad, is reeds gereed. Die Pukkie belooft om die grootste treffer van alle tye te wees. Hy was reeds vir die redaksie van die Wapad ter insae en iemand wat hom Saterdag nie koop nie kan hierdie versekering hê dat hy of sy ongetwyfeld meer as die helfte van die pret verbonde aan die vreugde misloop. Die hoofredakteur van hierdie jaar se uitgawe is mnr. Johan Buys met 'n redaksie wat uitgeknip is vir hierdie soort van lektuur. Hy kan gelukkig wens word met sy uitgawe, . . . maar wag, . . . koop hom en oordeel vir uself.

KOLLEKTELYSTE

Dusver is 'n bedrag wat as al die beloofde geldjies hul bestemming bereik bygereken word van byna

vier syfers ingesamel. Mnr. L. J. (Pottie S.R.) Potgieter loop ver voor met die grootste bedrag op sy lys. Hy het alreeds by die £111 ingesamel en 'n verdere £60 wat belooft is moet hy nog gaan insamel. Verneem word dat hy die £150 kerf in die oog het.

Alle reëlings vir die groot dag is reeds in die hak volgens die hoofbestuur meedeel. As die weer nie giere gaan uithaal nie kan die publiek van Potchefstroom en Viljoenskroon hulle klaar maak vir 'n uithaler jool met oorgenoeg lagwekkende en snaakse goeters. Mammas wat dit in die strate gaan waag met kleingood wat maar skrikkerig is vir lelike en mismaakte ongediertes met lang sterte en groot koppe word aangeraai om nou nie onverantwoordelik te gaan wees nie. Dalkies kan die kleingood die skrik op die lyf gejaag word en somer bottels en bottels versterkmiddels wegslaan. En aptekersgoeters is deesdae maar duur. En met die verhoogde spoorwegtariewe sal dit vir party Mammas dalk 'n fortuin kos om die kleintjies per trein te laat haal as hulle besluit en die hasepad te kies om kort duskant die ystergordyn tot verhaal kom.

MOENIE SKROOM NIE. PUKKE !

'n Ieder en 'n elk sal moet opdok voor die geldwolwe. En moenie skroom om alles uit die publiek se sakke te ruk nie. Die doel van enige jool of vreugdedag is immers om die publiek so arm soos kerkmuise terug te laat gaan huius toe. U is alles geoorloof wat nie onder die belt gaan nie, Pukke!! So, suig alles uit wat uit te suig is. Die grootste parasiet Saterdag is die beste kollektant en hy of sy wat dit regkry het die Vreugdedag eers werklikwaar tot sy reg laat kom of in sy doel laat slaag.

„Die Wapad" hoop dat hy met hierdie bllaag ook sy plig gedoen het. Hy wens die Vreugdedag lang gelde en groot sukses toe!!

DANIE ERASMUS.

GELDE EN PRYSE!

Vier Groot Pryse om te verower.
Wie gaan Saterdagagaand 'n rykman wees.
Twee tjekkies van £2 2s. 0d.
Twee tjekkies van £1 1s. 0d.
Alles om sy GEKYSDE mee te "TREAT!"
VOORWAARDES: Die Mooiste Vlot.

OP DIE VOORGROND . . .



PROF DR J. C. COETZEE

Sarel Petrus van der Walt is op 18 April 1907 in die distrik Heidelberg, Transvaal gebore. Sy laerskoolopleiding het hy op Kinross ontvang waarna hy aan die Hoogenhout Hoër Skool gematrikuleer het. In 1926 verower hy die B.A., in 1928 die M.A., en in 1929 die B.D.-grade. Hierna was hy agtereenvolgens predikant te Johannesburg-suid, Johannesburg-noord en Potchefstroom-noord. In 1940 verower hy sy doktorsgraad in die Wysbegeerte met Prof. Stoker as sy promotor. Dr. v.d. Walt aanvaar sy professorraat op 1 November aan die Teologiese Skool. Dr. v.d. Walt sal Apologetiek, Etiek, en Homolietiek doseer asook Bybel by die Universiteit.

Dr. v.d. Walt is getroud met Mej. Betsie Postma, tweede oudste dogter van wyle Prof. F. Postma. Uit die huwelik is twee dogters en een seun gebore.

Die Raad van die universiteit is opnuut gekonstitueer. Ds. H. J. R. du Plessis is herkies as voorster en ds. D. N. Kotze is verkies as vise-voorsitter.

Aan dr. S. J. du Toit, hoof van die nasionale fisikalaboratorium, is die vakante professorraat in die fisika departement aangebied. Dr. du Toit oorweeg tans nog die aanbieding.

Vier buitelandse studente studeer tans aan die P.U. Hulle is: Mnr. J. Dijkstra en C. J. Bos en mejj. K. Schlosser en E. Scholman.

GESELLIGHEID SATERDAGAAND.

PLEK: Hoofgeboussaal.
Kom en verfris 'n moeg gestel na 'n dag van harde werk!!
Kom en geniet wat u in die eetsale mis!
KOM EN EET WAT U HART BEGEERT!!!
KOM EN KYK NET WAT DAAR TE DRINKE IS!!!!
U SAL U EIE OË NIE GLO NIE. . . .

Terwyl Blackie en sy meisie in die Pukstrate wandel, het hulle skynbaar 'n grappie baie geniet. Toevallig kom prof. Dirk daar verby en belangstellend vra hy of hulle vir hom lag.

Blackie: Nee Prof., ons lag vir 'n grap.

Prof. J. C. Coetzee was gedurende die tweede kwartaal met lang verlof afwesig. Tydens sy verlof het hy en mev. Coetzee albei operasies ondergaan en met dankbaarheid kan gesê word dat albei baat gevind het daarby. Mev. Coetzee herstel tans vinnig. Prof. Coetzee het weer aan die begin van die tweede semester diens aanvaar.

Prof. D. J. Viljoen is tans met lang verlof afwesig. Die redaksie van die "Wapad" spreek ook hiermee sy mededye uit oor die afsterwe van prof. Viljoen se moeder.

Prof. D. C. S. du Pdeez en Dr. P. J. Hamersma se swaer, mnr. Willie Vorster van Colesberg, is onlangs oorlede.

Ds. W. F. Venter is deur die Trusteas van die Gereformeerde Kerk aangewys as raadslid in die plek van wyle ds. J. V. Coetzee.

Mej. Bowdry, tydelike lektrise in Sielkunde, het in die Julievakansie in die huwelik getree. Sy neem voorlopig nog die pos waar tot die einde van die jaar.

Mnr. Richard van der Walt is benoem as demonstrateur vir die praktiese werk in die departement fisika vir vanjaar.

Dr. P. J. Botha sal vir die laaste semester afwesig wees van die universiteit met lang verlof. Mev. L. E. Grobler tree as sy locumtenens op.

Prof. H. G. Schutz is met verlof tot 31 Augustus.

Mnr. J. A. L. Taljaard sal gedurende 1954 met studieverlof na Nederland gaan. Mnr. P. G. W. du Plessis tree as locumtenens op.

Mnr. D. J. Eloff is benoem as uitbreidingsamptenaar van die Universiteit en het diens op 3 Augustus aanvaar. Hy sal belas word met die insameling van geld vir die uitbreidingsfonds van die P.U. Mnr. Eloff is 'n oudstudent van ons universiteit en het Honneurs B.A., S.W., alhier afgelê. Hy was 'n knap voetbalspeler en het ook gereeld vir Wes-Transvaal in die voorry gedruk. Hy spee nou vir Rustenburg se eerste voetbalspan.

Botha Olivier (of Lidie Bekker): Near the lake where drooped the willow.
Long time ago!
Jan de Wet:
Two women placed together make cold weather.

Dag al my ou vrinne,
Ai, maar dis darem goed om al julle ou gevrete weer hier rond te sien.
Lekker vakansie gehou? So? Ja dankie, ek ôk.
En een van die dae gaan ons alweer met 'n vloot vloei die dorp in vaar en sjeit vra? Vry is mos vra.
So van geld gepraat, oom Klasie het ons darem 'n vuil streep getrek. Hulle praat altyd so van belastingsbetalers en so an as hulle praat van mense wat swaar kry, maar dié skoot is dit nie hulle nie, dis die mense wat eet—daars glo baja van hulle.

By ons in die Bosvelt (ek is 'n boslanster, pertykeer se hulle ver ons ook Bekvelders maar al by ons is bek en klou) is dit nie koud nie want dis nog nie winter daar nie. Ons draai nog ons botter in nat lappies toe om om hulle nie te lat warm kry nie en ons juirsies is nog in die mottekryt.

Ek het mit een daar by ons ok genok-nok soos ons hier maak en toe ek klaar is, toe se hy: nok-nok en toe se ek „Hoes der” en toe se hy „Jou” en toe se ek „Jou hoe” en toe se hy „jou . . .” ekskies lat julle nou niskierig is vir wat hy gese het maar ek kan regtig nie nou se wat hy toe gese het voor al die mense nie.

Toe kom ek weer die anner dag by darie een en ek se „nok-nok” en hy se „Hoes der” en ek se „Willie” en hy se „Williehoe” en ek se „Willie vedag nok-nok nie”. Nee, ou swaer ek ga nou nie weer nok nok nie, nie na darie Jou nie.

En nou die dag toe wil ons viermaak want toes dit koud en toe wil die rook nie uit gaan nie en toe ons kyk, toe sit vader Krismis in die pyp, en hy's vet en die pyp is te klyn vir hom en toe se my boetie hy dink hy sit al jare daar want hy was nog 'n bybie toe hy laaste 'n krismisboks gekry het. Toe hy wil hyl toe se ek hy moenie warrie nie, dis nou vrede tot lat dit weer oorlog is en een van die dage koop ek weer vir hom 'n pragtige klein errepleintjie van daardie meid in Japan.

Ek weet nie of ek ook droghestories vertel nie, maar daar's 'n anner ou wat in 'n anner boek droghestories skrywe en nou wil ek maar 'n plan maak om 'n anner naam te kry want hy's ok Sarel. Ek weet nou nie van waffer Sarels hy is nie maar hy's seker nie van ons Sarels nie en ek sal seker maar tevrede moet wees maar as ek ok enetjie het sal ek vir hom 'n anner naam doop.

Nou die aand het ek amper gevrek van die koue. Toe wens ek ek was amper soos ou Spekkies want dis darem te vreeslik as die wind by jjou ore inwaai en by jou ribbes uit. Nou maak ek maar vir my 'n jjas bymekaar. Ek het al knope en hulle gate maar ek kort nog bietjie lap.

Ek wll nog 'n boek skryf, mar nie nou nie, so kry ouma se meelbol nog vandag, by enige handelaar met of sonder klorofiel!

I slept and dreamed that life is beauty;
I woke and found that life is duty.
He that would govern others should be the master of himself.

SAREL SE BRIEF

Potchefstroom,
29 Julie 1953.

VIR—
Vis, Ertappels,
Verversings ens.
WELKOM KAFEE
Von Wiellighstraat 13,
POTCHEFSTROOM
Dis u kafee, Studente

SOTTIE OOR DIE HOKKIETOERNOOI.

Tomstraat,
Potchefstroom.

My enigste geliefte oom Soois,
Hier gaat sit ek agter my hand om vir oom Soois 'n kortlikse briefie te skryf.

Gaats oom Soois ek was ok die moliëdy in Petoria. Soos ek vir oom laas geskryf het, het so 'n klomp seens en dogters daar gaat hokkie speel.Nou, ewentwille, hille het gaat speel en ek was ok daar. Ons het in Voortrekker gebly saam met die Stelënbos, Rouds en die oukies. Dis nie ou Rouds daai Ingelsman nie, dis seker maar sy afstamsels.

Toe gaat kyk ek mos hoe die kinnars speel. Joeee, hille hól op en hille hól af en hille hol van die more tot die aand. Dis ok sos met Foebol oom—hille hól ok agter die bol. Elf kinnars aan een kant en elf aan 'n anner kant en dan hol hulle dat dit frek agter die bol. En dan slaat hulle die bol so mit hi kerie met hi krom pint. En as die bol so loop lat dit bars dan is een nie tefrete nie en dan keer hy die bol foor mit syn stok. Dan foeter hy weer die bol weer in hi anner daaiseksin. As hille nog so hol dan kom hille foor 'n gat. Dis nie 'n gat in die grond nie, oom. Dis 'n anner gat wat sifdraad agter het want daar staat 'n man of 'n antie in en dan perbeer hille om die een wat innie gat staat mordsdood te slaat. Hy moet net keer vir sy wiekets soos hille se anners is dit klaar met kees. Langers die felt wat amper soos 'n afgefrete koeikamp lyk loop 'n kondikter op en af—kort-kort blaas hy laat bars op 'n flykie. Dan hol hille nie meer nie maar loop staat almal stil. Dan wys hy op of af, dan maak hille so. Joeee! oom dis ygenaardiglik om die klompie so te sien hol. Wat die mooiste is as ou Piet of ou Jekkies of ou Tjaals die bol by die man verbyslaan wat in die gaat staat. Ik kan nie begryp nie maar dan is al die rooies, dit is ons oom, ons hempde is mos rooi, nie ons onderhempde van flennie nie, ons bohempte wat mee ons speel, dan is ons bly want dis 'n goul.

Die een aant toe daans die kinnars daar. Joeee! dis fir jou snaaks oom want hille klou fir mekaar fas en dan loop hille heen en weer en dan speel die orkes solank fir die wat wag om so heen en weer te gaat loop.

Aag oom, ek gaat dop. Ek wens tog dis weer fikansie. Se tog groetnis fir tant Fya. Ek trek nog elke week skoon aan en my magie is nog propvol.

Oom se nefie, SOTTIE.

Met 'n wanhoopsgil en 'n angs-kreet verdwyn die driemanskap in die donker nag.
Gordyn val.
(Word aanbeveel vir Thalia se volgende toer).

'N TRAGIESE BEDRYF IN EEN DRAMA.

Plek: Die luukse gemeubileerde voorportaal van 'Kulu.

Tyd: 8 Junie—die aand met sleeptyd.

In die voorportaal is onder andere 'n paar stoele en 'n rusbank (in die vorm van 'n bad) en op die tafel 'n droërankskikking van somerblomme. Aan die muur hang 'n paar historiese fotos daterende uit die jaar voor die Nuwe Kyk. Op een van die stoeltjies sit 'n ou heer en wag vir sy sleepsel. Vier fluinke en vinnige tweedejaartjies is op diens.

By die deur verskyn daar nou 3 berugte tokkelokke. Frans Stasie (so vernoem na die hoofstasie van die Puk) is 'n welgemaakte en goed kykende man van twee-en-veertig. Sy swart snor is geborduurd met grys haartjies.

Die ander 2 tokkelokke is soos vaal stippels op 'n nog valer agtergrond en hulle kan dus nie raakgesien word nie.

Mnr. Frans haal sy sakboekie uit: Dit is vandag die 8e né? Ja nou wag la'k sien wie op my dadel lys is. Juffrou, kan ek asb. vir Juf. L. v.d. Vyver sien?

1e Tweedejaar: Dit spyt my meeneer, maar sy lê drokagter die Frans: Nou die volgende op my lys is Juf. C. Malan. Kan ek haar asb. spreek?

Ou heer vanuit sy hoekie waar hy nog wag: Is jy nou laf, daar's mos g'n maan vanaand en allie sterre is agter die wolke!

2e Tweedejaar: Dit spyt my papnat, maar juffrou Malan het verdwaal tussen die gate.

Frans: Helaas! Is juffrou Tjaart v.d. Walt nie miskien tuis?

3e Tweedejaar: Tot my innige leed-vermaak moet ek u meedeel dat die kat haar verslind het.

Frans: Wee my! Maar is ek ooit by die regte plek? Dit is mos Witrand anneks dié nie waar nie?

4e Tweedejaar: (kouelik verontwaardig). Natuurlik nie! Dit is die Kulu tehuis vir sleepers, eksleepers, non-sleepers en gladnie sleepers.

(Vervolg vorige kolom).

DIE AVONTURE VAN OOM SOOIS

So gereeld soos 'n koshuisklok het die hant oom Soois altyd gewoë. Net so geldedend 2000 die klas reëls op die

Ruk, het die daaglikse reëls, oppie plaas begin Toe besluit oom Soois dat hy sal daarvan is en dat hy

'n vakansie nodig het. Die gevolg is vandschappreheid en die fondie moes sy beste maniere uithaal

Na aas se reis het ons vriede die see waargeseen en so ge-vind soos 'n eerstejaar op sy eerste dag oppie Ruk

En toe het die pat begin. Oom Soois het hom uitge-nik 2000 ons die alag met die tweedejaars-jigknick. Later het oom Soois

gaan sooit sichrieng oer en hy sien toe dinge. Soos met altyd op die B-veld sien. Sy mond het glad oopgehang.

Hy het dinge gesien wat vir hom snaaks was en wat hy nie kon verstaan. En toe sien hy ook dinge

waaraan hy nie hou nie en wat sy neef Sottie op die Ruk se vy ande is. Toe sien hy

iets! Sottie het hom daarvan vertel. Sommer net vanaand gaan hy Soontoe Dis die Alabama.

Oom Soois kan hom so w-luister. Veral die sang het hom gestreel. Hulle het almal saam gesing van jagterij want 'n man sing dat hy hoenderveleis kry

Toe dag oom Soois aan die dae van sy greehtwile jagterij went 'n man sing dat hy hoenderveleis kry

Daar het ook 'n vrou met 'n hoi stem gesing en toe virling oom Soois met plaasboe (Word vervolg)

SPORTPRAATJIES



Pukke teen Wallabies.

'n Paar van die P.U. se Theosspelers het 'n baie goeie kans om plek te kry in die Wes-Transvaalse span wat eersdaags teen die Wallabies speel. Die span wat onlangs gekies is om teen Oos-Transvaal te speel, sluit reeds twee Pukke in—Putter en Pienaar—en hierdie twee spelers het dan ook die beste geleentheid om in dié inter-provinsiale wedstryd te wys waartoe hulle in staat is. Albei het reeds verskeie kere vir Wes-Transvaal diens gedoen en hulle is dan ook feitlik seker van hulle plekke teen die Wallabies. Putter is 'n toring van krag in die voorry en hy spaar ook nie sy lyf in die losspele nie. Dink maar aan die skitterende spel wat hy as flankvoerspeler vir die Noordelike Universiteit teen die Wallabies gelewer het. Pondo Pienaar se dodelike verdediging tel ook baie in sy guns en veral teen die glibberige Wallabie-senters salsy teenwoordigheid baie vir Wes-Transvaal beteken.

Org Rautenbach behoort natuurlik weer 'n kans te kry. Hy het nou die dag laat gekom vir 'n interprovinsiale wedstryd en daardeur het hy hom blykbaar die keurders se misnoë op die hals gehaal. Maar 'n mens kom mos nou nie met opset laat vir 'n wedstryd nie. Nog 'n speler wat 'n kans verdien, is Stony Steenkamp op vleuel. Hy is 'n vasberade naelloper en 'n dodelike verdediger. Hy het ook reeds vir Noordelike Universiteit teen di Wallabies gespeel en in daardie wedstryd getoon dat hy heeltemal in staat is om Jones, die gevaarlike Wallabie-vleuel, in toom te hou.

Interuniversitêre Hokkie.

Op die hokkietoernooi van die Suid-Afrikaanse Universiteite wat teen die einde van die vakansie op Pretoria gehou is, het die Pukspanne goed gevaar in vergelyking met die ander Afrikaanse Universiteite. Dit lyk asof hokkie van krag tot krag gaan op ons Universiteite.

Deur DANIE VAN DER SPUY.

HOKKIETOERNOOI SKITTERENDE SUKSES

Vanaf 18 tot 23 Julie 1953 het die Pukkies deelgeneem aan 'n uiters geslaagde inter-universitêre hokkietoernooi te Pretoria. Vir ons was hierdie toernooi somer vir 'n hele boel redes geslaagd. Ons S.R. het die volste vertroue openbaar deur aan die mans sowel as die dames die nodige finansiële steun toe te sê. Die mans het vooraf op eie inisiatief 'n mooi sommetjie geld ingesamel—'n vorige dergelike poging is my nie bekend nie! Die dames sowel as die mans het vanjaar besonder goed in die ligawedstryde presteer en loop tans nog voor met punte wat 'n goeie aanduiding is van die ernstige werk wat op die oefenveld verrig word. Hierbenewens kon al die spelers die toernooi bywoon. Die Pukke kon dus die toernooi met vertroue tegemoetgaan. En die gevolg? 'n Gees soosnog nooit tevore en die uitslag die gunstigste in die geskiedenis!

Die mans het somer uit die staanspoor getoon dat die naam wat hulle voorry vir hulle verwerf het, nl. die beste wat die Pukke nog gehad het, geensins ongegrond is nie, toe die bal binne die eerste paar sekondes van die eerste wedstryd teen Tukkies se dwarsplank klap. Hulle kon, veral as gevolg van die vindingrykheid van Piet van Wyk, hierdie prestasie nog driekeer herhaal. Dat die gedugte Tukkiespan slegs ses doele kon aanteken spreek boekdele vir ons verdedigers; en hier verdien Pienaar en Flip Snyman besondere vermelding. Hierdie twee spelers het in elke wedstryd, soos trouens ook met die ligawedstryde die geval was, verbeter. Ons ou staatmakers, Wahl Meyer en Koos Jooste, het natuurlik nooit verslap nie.

Maandagoggend en Dinsdagmiddag sou Natal en U.K. ontnugter word. In die verlede kon hierdie groot Engelse Universiteite met 'n glimlag sê: „Toemaar Potch., hou aan”. Vanjaar moes hulle, volgens die „Pretoria News”, veg vir elke duim grond teen die Pukke, en dit ten spyte van die feit dat weens ongesteldheid van twee lede ons span teen Natal aansienlik verswak was. Dat ons teen Natal 3—0 en teen U.K. 3—1 verloor het beskou ek as die Pukke se beste prestasie van die hele toernooi. Dit is te wyte aan hegte samespel, dodelike verdediging, en die oordeelkundige, suiwer skoppe van die doelwater. En wie sal ooit „Hannie” se skitterende breekslag teen U.K. vergeet? Van toe af is die beskouing uitgespreek dat, hoewel nie die sterkste span nie, lewer die Pukkies die beste samespel. Wat 'n pluim vir 'n kaptein en sy span!

Woensdag was die Pukkies se dag. Met hulle span op volle sterkte en 'n aangename gees het hulle die bal na hartelus rond gegooi* soos (een man verdedig, en amptertjies V.O.V.S. se bestuurder van sy sinne gehad met hulle aanhoudende aanvalle op die doel. U.O.V.S. het 1—0 gewen: Koos het 'n ou klein foutjie begaan. Geluk, U.O.V.S., maar soos met Intervarsity vanjaar, kon dit net sowel ons gewees het. Ons wil geen name noem nie want elke speler het homself oortref. Nogtans moet gesê word dat ons vanaf hierdie wedstryd weer die Bart de Wet van vroeër gesien het: net hy kan hierdie soort spel lewer.

RHODES OORROMPEL.

Woensdagmiddag was daar dan ook geen keerkans meer nie. Jackie het die volle ondersteuning van sy voorry geniet—ten spyte van Piet se seer mond—en voordat die stomme Rhodes mooi wis wat aangaan, was hulle agterstand reeds 2—0. Rhodes het hierna probeer wal gooi, maar hulle is oorrompel met 3—1, danksy die bekwaam leierskap van Jackie Strydom.

Donderdagoggend het die groot verrassing opgelewer. Blackie Kruger het volgehou dat Stellenbosch die pyp nie sal rook nie, en sy bydrae tot ons oorwinning was geensins gering nie. Jammer dat hy met een van sy mooi breekslae oorgretig was. Weereens sou Bart

bewys watter beheer hy oor hokkie het, veral toe hy vir die soveelste keer by die voorry aan sluit om die enigste doel van die wedstryd aan te teken.

Donderdagmiddag het die kroon gespan op die netjiese, afgeronde spel van Charles en Jackie toe Charles daarin geslaag het om 'n pragtige doel teen Wits aan te teken. (Van Charles, Jackie en Piet as „binnegroep” word nog baie verwag). Dit is jammer dat die Pukke in hulle laaste wedstryd teen so 'n sterk span as Wits te staan gekom het: die spelers was tam en die Witsies se stokwerk is uitmuntend. Nogtans was dit verblydend om te sien dat die spel tot in die laaste snikke van die een kant van die veld na die ander kant gewissel het. Die Pukke het nooit verslap nie.

Dit was vir my werklik 'n plezier om saam met hierdie span die



Bart de Wet

'n Bal sit aan sy hokkiestok vas.

hokkietoernooi by te woon. As in aanmerking geneem word dat die P.U.K. in 1950 tydens die hele toernooi slegs twee doele kon inoos en dat in 1951 en 1952 geen spanne gestuur is nie, dan spreek die feit dat vanjaar se span 10 doele behaal het met slegs 20 doele teen hulle vir homself. Die gees was baie goed wat elke spanlid tot eer strek, maar veral ook aan die knap leiding van die kaptein toegeskryf moet word. Hy het nie slegs sy span op die veld met groot bekwaamheid aangevoer en self 'n bars gespeel nie, maar van die veld af was hy voorsinger. Dit was aangenaam om te hoor hoe die spelers van Rhodes, Stellenbosch (meestal Engelssprekend) en Kaapstad die Pukke se liedjies en Flap se boeremusiek geniet het.

Die kaptein en sy span verdien alle lof. Maar besef ons dat ons met hierdie toernooi 'n presedent geskep het wat ons in die toekoms sal moet handhaaf? Ek het alle vertroue. Sterkte vir die toernooi wat in 1954 op die Pukke se tuisveld plaasvind.

Van mej. Van Schouwenburg, kapteine van die damesspan, het ek die volgende besonderhede i.v.m. dié prestasies van die Pukkiedames ontvang:

Op die toernooi het die P.U. se span die tweedelaaste plek met Stellenbosch gedeel. Oppervlakkig beskou het die P.U. dus maar swak vertoon. In werklikheid het hulle op al verlede jaar se wed-

stryde verbeter soos uit die volgende gegewens blyk:

	1952.		1953.	
	vir	teen	vir	teen
Rhodes	1	13	1	4
Kaapstad	1	7	1	6
Natal	0	5	0	4
Wits.	0	4	0	0
Stellenbosch	0	2	1	1
U.O.V.S.	2	2	1	1
Pretoria	—	—	4	1

Die P.U. wen dus een wedstryd, speel drie gelykop, en verloor drie. Daar is slegs een Afrikaanse Universiteit wat hoër op die punteleer geëindig het as die P.U. nl. U.O.V.S.

Reeds voor die toernooi begin het, het ons heelwat terugslae gekry. Therese van der Merwe was so siek dat sy eers na vier dae by ons in Pretoria kon aansluit. Ook a.g.v. siekte kon mev. du Plessis, ons reismoeder, nie saamgaan nie, en twee dae voor die toernooi moes daar rondgeval word om 'n afrigter te kry. Ons is baie dank aan mej. Margaret Pretorius verskuldig wat op die laaste nippertjie ingewillig het om as afrigter op te tree. Haar hulp het oneindig veel tot die goeie prestasie van die span bygedra.

Gedurende die toernooi het twee van ons speelsters sodanig seergekry dat hulle hospitaal toe moes gaan vir behandeling. Die een het reeds weer herstel, maar Rina Loedolf moet vir drie weke lank nie hokkie speel nie.

I. J. JOUBERT.

J. TOD SUTTIE

KOMplete

Mans-uitrusters

vir al u

KLERASIE EN ANDERE BENODIGDHEDE.

Kerkstraat 127,

Posbus 219. Foon 1.

POTCHEFSTROOM.

Drink en Geniet

S & S

Super Dilla

en

Super Orange

Sherr & Shakinovsky

AUTO LAAN

Foon 16

Die vere maak die voël,

STAVAST

SE KLERE

maak die man.

Van der Hoff-gebou,

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.

W. J. GROBBELAAR,

Mans- en Dames-

Haarkapper

Kerkstraat 97. Foon 330.

Probeer ons beroemde

JAMAL MASJENLOOS PERM.

Bekwame Mans-afdeling.

Sigarette en Fantasia Goedere.

EXCELSIOR

MEUBELS

KERKSTRAAT 132.

Foon 743.

KOM BESOEK ONS

EN OORTUIG USELF

VAN ONS

KWALITEIT

en

VERSCHEIDENHEID

MEUBELS.

ADVERTEER

IN DIE

„WAPAD”

BEDANKING.

Langs hierdie weg wil ek graag my persoonlike dank oorbring aan alle persone en liggame wat verantwoordelik was vir die interuniversitêre hokkietoernooi, wat baie mooi en vlot verloop het, gedurende Julie in Pretoria.

In die besonder wil ek bedank mnr. Joubert, ons afrigter vir sy opofferende taak en die spelers self wat 'n baie mooi gees en sportmanskap aan die dag gelê het om van die P.U.-kant 'n sukses van die toernooi te maak.

My hartlike dank gaan ook aan die Studenteraad wat ons finansiële gesteun het en sonder wie se hulp die toernooi, wat betref die Pukke, nie bygewoon sou kon word nie.

Verder wil ek ook die U.P. Mans-hokkieklub bedank vir die goedgeorganiseerde toernooi wat hulle van stapel gestuur het en wat 'n groot sukses was, asook Prof. B. de Loor, die huisvader van Voortrekkertehuis, waar die Pukke tuisgegaan het, en mev. Rempel, die huismoeder, vir haar opofferende taak, en ook alle andere wat ons van hulp was.

M. J. STRYDOM (Kapt.)

Wahl Meyer word hartlik gelukgewens met die verwerwing van Wes-Transvaal hokkiekleure. Ons verstaan hy het sy plek terdeë volgestaan tydens die provinsiale toernooi wat gedurende Juliemaand in Swasieland gehou is. Baie geluk, Wahl.